higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N5

28 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- 'n Sekere persentasie van die huide kommersiële boere sal voortgaan om as bona fide boere sake te bedryf.✓
- Hierdie boere sou in die vryemarkstelsel met minder tegniese, bemarkings- en finansiële ondersteuning voortbestaan het.✓
- Meer entrepreneursvaardighede asook beter bestuursvermoëns moet aangewend word om die boerdery te ontwikkel en uit te bou.✓
- Meer innovering deur die boer sal nodig wees om probleme en risiko's te oorkom.✓

- Sommige boere sal deeltyds boer en sal ook 'n ander beroep beoefen.✓
- Duisende boere is alreeds in hierdie posisie.✓
- Die tendens is dat meer boere tot hierdie kategorie toetree is as gevolg van die ekonomiese klimaat.✓

- Ander boere en sommige deeltydse boere sal gedwing word om hul plase om verskeie redes te verlaat, bv. droogtes.✓
- Verminderde ondersteuning deur die regering en die oordrag van grond na voorheen-benadeelde bevloking.✓✓ (9)

1.2 Stap 1: Skep 'n entrepreneurskultuur✓

Word geskep deur innoverende idees te ondersoek en om verandering as 'n geleentheid eerder as 'n bedreiging te beskou.✓✓

Stap 2: Akkommodeer entrepreneurskap✓

Die onderneming moet gerig wees op entrepreneursvaardighede en -idees. Dit kan bereik word deur besigheidspraktyke te verander,✓ die organisasiestruktuur te herstruktureer, werwing van personeel te wysig, personeelbestuur- en vergoedingsbeleide aan te pas en aansporingskemas vir werknemers te vestig.✓

Stap 3: Verseker dat die entrepreneur by die werk pas✓

'n Paar vrae moet beantwoord word:
- Wat is die aannames met betrekking tot verbruikers en markte?✓
- Watter werk moet gedoen word?✓
- Hoeveel geld en tyd is vir die projek nodig?✓
- Hoeveel mense is betrokke?✓
- Wat is die verwagte resultate?✓

Stap 4: Beloon die entrepreneur✓

Die entrepreneur behoort beloon te word vir prestasie wat bereik word.✓✓ (12)

Kopiereg voorbehou

1.3 Ontwikkeling van natuurlike hulpbronne✓

- Verantwoordelik vir ekonomiese innovering. In die landbousin is dit 'n proses waar natuurlike hulpbronne aangewend word om verbruiksgoedere en ander grondstowwe te produseer.✓✓

Skep werksgeleenthede✓

- Om verbruiksgoedere en grondstowwe te produseer moet die boer oor arbeid en ander produksie-insette beskik.✓✓


Leierskap in produksie✓

- Landbouentrepreneurs neem gewoonlik die leiding in die landbousektor wanneer nuwe tegnologie geïmplementeer word, aangesien hulle bereid is om die risiko te loop.✓✓

Entrepreneurskap is 'n komponent van die vryemarkstelsel✓

- Die vryemarkstelsel kan slegs funksioneer word indien daar 'n vraag na 'n betroubare aanbod van produkte en dienste in die mark is.✓✓ (12)

1.4



(3 × 2) (6)

1.5

- Entrepreneursprosesse
- Die entrepreneur se persoonlikheidseienskappe (Enige 1 × 1) (1)

[40]

VRAAG 2

2.1

	VENNOOTSKAPPE	BESLOTE KORPORASIES
2.1.1	2–20✓	1–10✓
2.1.2	Beperkte kontinuïteit✓	Onbeperk✓
2.1.3	Onbeperk✓	Beperk✓
2.1.4	Vennote trek voordeel✓	Op ledebelang gebaseer✓
2.1.5	Ledebydraes✓	Aandele✓

(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1 Word beskryf as 'n vorm van eienaarskap wat deur 'n individue, wat die eienaar van al die bates in die onderneming is, bedryf word. (2)

2.2.2
- Vestiging is relatief maklik.
- Al die onderneming se winste behoort aan die eienaar.
- Die sukses van die onderneming berus by die eienaar.
- Die onderneming word op die eienaar se persoonlike inkomste belas.
- Alle aandag is op die eienaar.
- Die onderneming kan maklik gesluit word. (Enige 4 × 2) (8)

2.2.3
- Die eienaar is persoonlik verantwoordelik vir enige skuld wat deur die onderneming aangegaan word.
- Finansiële bystand en uitbreidingsmoontlikhede is tot die kredietwaardigheid van die eienaar beperk.
- Die onderneming berus vir besluitneming op die eienaar se kennis en vaardighede.
- Die kontinuïteit van hierdie vorm van eienaarskap hang van die eienaar se lewensduur af. (4 × 2) (8)

2.3 2.3.1 Word gedefinieer as 'n verhouding of 'n ooreenkoms wat tussen twee of meer lede, wat die onderneming sal bedryf, aangegaan is. (2)

2.3.2
- Elke vennoot moet 'n bydrae tot die onderneming lewer.
- Die maak van wins moet die hoofmotief van die onderneming wees.
- Die vennootskap moet bedryf word met die oog op gedeelde belang van al die partye tot die ooreekoms. (3 × 2) (6)

2.3.3
- 'n Vennootskap word nie afsonderlik van individuele vennote belas nie.
- Vennote word individueel volgens hul onderskeie aandele in die wins van die vennootskap belas. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Keuse van gewasse
- Produksiestelsel wat gebruik word
- Vlak van tegniese bevoegdhede
- Omvang van produksie
- Insetkoste
- Uitset (Enige 5 × 1) (5)

3.1.2
- Grondtipes
- Verwagte gewaslewering
- Helling van die grond
- Gronderosie
- Voghouvermoë
- Dreinering
- Vrugbaarheid van die grond (Enige 5 × 1) (5)

3.1.3
- Totale aantal hektaar
- Saaigebiede
- Landerye
- Weiding
- Boorde, plantasies
- Plaasopstal en onbewerkte grond (Enige 5 × 1) (5)

3.2 3.2.1
- Die omgewing verander voortdurend en
- die bestuur moet by die veranderinge byhou.
- Faktore in die omgewing wat die doelwitte en strategie van die boerdery mag bedreig, moet geïdentifiseer word.
- Daar moet vasgestel word watter faktore geleenthede bied vir die bereiking van die doelwitte as daar van die strategie afgwyk word.
- Die kans op sukses is soveel beter indien die omgewing sistematies ontleed word. (5 × 2) (10)

3.2.2 Tegnologiese ontwikkeling✓
- Die regering,✓ boerderybedryf en boere is voortdurend besig met die ontwikkleing van nuwe saadkultivars, onkruiddoders en plaagdoders.✓

Ekonomiese veranderinge✓
- Die vraag na landbouprodukte,✓ die plaaslike en internasionale aanbod van goedere, pryswisselings van insetkoste, finansieringsrentekoerse en inflasiekoers, vereis die wysiging van pryse.✓

Politieke veranderinge✓
- Wetgewing, grondhervormingsbeleide, politieke beleid oor die vraag na landbouprodukte.✓✓

Sosiale veranderinge✓
- Veranderinge in die gedrag en kompensasie van die bevolking of die gemeenskap wat boere kan beïnvloed is✓ 'n toename of afname in die bevolkingsgetalle.✓ (4 × 3) (12)

3.2.3
- Winsgewendheid van produksie
- Faktore wat die winsgewendheid van produksie beïnvloed
- Brandstofprys (3)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Testate erfopvolging
Vind plaas wanneer die erflater na sy/haar dood 'n wettige testament het.

4.1.2 Legataris
Is 'n persoon wat bepaalde bates, wat in die testament beskryf is, ontvang.

4.1.3 Kodisil
Latere byvoegings tot 'n testament.

4.1.4 Erfgenaam
Ontvang 'n gedeelte van of die totale bemaking of enige oorblywende gedeelte nadat die boedel se skulde betaal is.

4.1.5 Substitusie
Dui aan dat die erflater 'n alternatiewe erfgenaam benoem in gevalle waar die erfgenaam sterf voordat hy/sy die erflating ontvang het.

(5 × 2) (10)

4.2 4.2.1
- Bied voldoende fondse aan die oorlewende eggenoot/maat.
- Bied kontinuïteit van die boerdery-onderneming.
- Regverdige verdeling van bates.
- Op so 'n manier ontwerp dat inkomste- en boedelbelasting geminimeer word.
- Stel die erflater in staat om sy/haar bates te beheer solank as wat hy/sy leef.
- Behoort nie onnodige vertragings of hoë koste in die administrasie van die boedel tot gevolg te hê nie.
- Eenvoudig en maklik om te verstaan.
- Gereeld bygewerk. (8)

4.2.2
- Is deur die erflater onderteken.
- Indien die erflater net 'n merk maak of dit deur iemand onders onderteken word,
- moet dit deur 'n landdros, vrederegter, kommissaris van ede of 'n notaris gesertifiseer word.
- Twee of meer getuies moet teenwoordig wees.
- Getuies mag nie begunstigdes wees nie/moet ten minste 14 jaar oud wees.
- Getuies moet ook
- in die erflater se teenwoordigheid teken.
- Elke bladsye moet onderteken word.
- Op dieselfde manier moet
- latere kansellasies, byvoegings en veranderinge aan dieselfde vereistes voldoen. (10)

Kopiereg voorbehou

4.2.3
- Sterftekennisgewing
- Sterftesertifikaat
- Identiteitsdokument
- Voorlopige inventaris
- Laaste testament (5)

4.3
- Die skepper van die trust
- Familielede
- Vriende
- Banke of trustmaatskappye
- Professionele persone, bv. prokureurs of ouditeure (5)

4.4 Dit is 'n wetlike ooreenkoms wat behels dat 'n persoon ('n oprigter) 'n wetlike titel van bates aan 'n ander persoon of liggaam (die trustee) oordra om tot voordeel van een of meer persone (die begunstigdes), wat die opsteller mag insluit, te hou. (2)
[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Korttermynversekering
- Kontrakte word jaarliks hernu
- Die versekerde word op grond van sy/haar verliese of skade uitbetaal
- Die belasting op hierdie beleide wat deur SARS bepaal word, kan die opbrengs as kapitaal van aard stipuleer.
- Die premies wat op die versekering van bates betaal word, word gebruik om die onderneming te bedryf en kan van belasting verhaal word.
- Inkomste uit versekering is van 'n kapitale aard. (5 × 2) (10)

5.1.2 Langtermynversekering
- Die versekerde bedrag sal by die dood van die versekerde of
- by permanente ongeskiktheid
- of aan die einde van 'n bepaalde wagtydperk, soos op daardie tydstip bepaal is, uitbetaal word.
- Verseker van 'n stabiele, konstante vloei van premies oor die lang termyn uit nuwe polisse en uit fondse wat deur die belegging van kapitaal gegenereer word.
- Asook die geringe kanse dat groot bedrae geld aan eise uitbetaal word. (5 × 2) (10)

5.2
- Wat is die moontlikhede daarvan dat 'n sekere tipe verlies gelei sal word?
- Wat sal die omgvang van hierdie verlies wees?
- Hoe kan versekering aangewend word om die boer teen hierdie verliese te beskerm?
- Wat sal die koste van die versekering wees? (4)

5.3
- Die versekeringsportefeulje van enige boer moet dekking teen skade deur vuur, wind of hael aan geboue, masjinerie, toerusting en diere,
- asook die inhoud van die geboue, insluit.
- Verskeringsmaatskappy is bereid om hul versekeringsdekking op eiendom uit te brei om skade wat deur opstande, onrus en ontploffings veroorsaak word, in te sluit.
- Eiendom moet teen realistiese waardes verseker word om oor- of onderversekering te verhoed. (Enige 3 × 2) (6)

5.4 5.4.1
- Onvoorsiene verliese wat as gevolg van weersomstandighede, droogtes, vloede, haal, ryp, sneeu, donderweer en weerlig gelei word.
- Verliese as gevolg van plantsiekte en plae
- Skade wat deur wilde diere, brand en aardbewings veroorsaak word. (3)

5.4.2
- Nalatigheid
- Swak boerderypraktyke
- Diefstal (3)

5.4.3
- Premies word bepaal deur die risikovlak wat op historiese verliese in die area✓ en die hoeveelheid kapitale belegging per hektaar van die gewas gebaseer is.✓
- Word per hektaar van die gewas✓ asook die potensiële waarde van die gewas bepaal.✓ (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou